Raad vir familie of vriende

- Tree dadelik op indien jy vermoed iemand na aan jou misbruik middels.
- Wees kalm, simpatiek en ondersteunend, maar ferm.
- Vermy 'n stryery.
- Moedig die persoon aan om professionele hulp te verkry en bied aan om te help om 'n afspraak te maak.

Wie om te kontak

SANRA (Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkoholisme en Dwelmafhanklikheid)

Whatsapp nr: 0765351701

Tel: 011 8923829

E-pos: sancanational@telkomsa.net

VIR MEER INLIGTING KONTAK:

Geestesgesondheidsinligtingsentrum van Suid-Afrika (MHIC)
Posbus 241, Kaapstad, 8000, Suid-Afrika
Tel: +27 (0)21 938-9229
E-pos: mhic@sun.ac.za
www.mentalhealthsa.org.za

Department of Social Development Hotline: 0800 220 250
Stikland Helpline: 021 940 4496/4429

Hersien 2019

Middelmisbruik en Afhanklikheid

Wes-Kaapse Regering
VIR JOU Gesondheid

MENTAL HEALTH INFORMATION CENTRE
Southern Africa

Substance abuse 2019 AFR.indd 1 2019-11-25 10:19:15 AM

AGTERGROND

Middelgebruiksteurings is algemeen in Suid-Afrika. Middelmisbruik het 'n ernstige uitwerking op fisieke en geestesgesondheid, en die maatskaplike situasie van individue, hul families en die gemeenskappe waarin hulle leef. Hierdie steurings het ook 'n impak op gesondheidsdienste, maatskaplike welsyn, opvoeding, strafregtelike dienste en die ekonomie. Middelgebruiksteurings is chroniese gesondheidsprobleme en kan nie net beskou word as die resultaat van 'n gebrek aan wilskrag of swak morele waardes nie.

WAT IS 'N MIDDELGEBRUIK-STEURING?

Middelgebruiksteurings word gekenmerk deur problematiese middelgebruik wat lei tot aansienlike teenspoed of inkorting. Simptome, van lig tot ernstig, sluit in:

- **Mislukte pogings om middelgebruik te verminder**
- **Mislukking by die werk of skool en verhoudingsprobleme as gevolg van middelgebruik**
- **Emosionele stres vir familie en vriende**
- **Aggressiewe of gewelddadige gedrag**
- **Drang na die dwelm**
- **Daaglikse lewe wentel rondom om die middel in die hande te kry**
- **Voortgesette gebruik van die middel ten spyte van bewustheid van die negatiewe mediese, sielkundige en sosiale uitwerkings**

Misbruikmiddels is psigoaktiewe middels wat beteken dat dit chemiese stowwe is wat 'n persoon se geestestoestand verander deur die manier hoe die brein en die senuweestelsel werk, te beïnvloed. Hierdie middels word gewoonlik gebruik om 'n veranderde gemoedstoestand te ervaar en sluit die volgende in: alkohol, cannabis (dagga), hallusinogene, opioïede, slaapmiddels, snuifmiddels, stimulante en angsverligters. Middelgebruiksteurings word dikwels geassossieer met komorbiede psigiatriese probleme soos gemoedsteurings, angssteurings, psigotiese steurings, kognitiewe steurings en persoonlikheidsteurings.

BEHANDELING VAN MID-DELGEBRUIKSTEURINGS

Hierdie steurings is chronies en verg voortgesette ondersteuning en sorg regdeur die multivlakbehandelingsproses wat gewoonlik die volgende insluit:

- **Identifisering , voorbereiding vir behandeling en verwysing**
- **Detoksifikasie**
- **Voorkoming van terugvalle**
- **Voortgesette sorg**

Die "Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik" maak voorsiening vir onvrywillige behandeling van iemand met 'n middelgebruiksteuring indien hulle 'n gevaar is vir hulself of ander

CAGE Gids vir misbruik van middelmisbruik

CAGE-vrae Gewysig om Dwelmgebruik in te sluit (CAGE-AID)

1. Het jy al ooit gevoel jy moet minder drank drink of dwelms gebruik?
2. Het jy jou al vererg vir mense wat jou drank- of dwelmgebruik kritiseer?
3. Het jy al ooit sleg of skuldig gevoel oor jou drank- of dwelmgebruik?
4. Het jy al ooit drank gedrink of dwelms gebruik sodra jy jou oë oopmaak om jou senuwees te kalmeer of om ontslae te raak van 'n babelas (regmakertjie)?

Puntestelsel: Die antwoorde op die CAGE-vrae kry 0 vir "nee"-antwoorde en 1 vir "ja"-antwoorde. 'n Hoër telling is 'n aanduiding van drankprobleme. 'n Totale telling van twee of meer word beskou as klinies beduidend.

Die gewone afsnypunt vir die CAGE is twee positiewe antwoorde, maar die Konsensus-paneel beveel aan dat die primêresorg-geneeshere die drumpel verlaag tot een positiewe antwoord om 'n wyer net te span en meer pasiënte te identifiseer wat dalk middelmisbruik-versteurings het. 'n Aantal ander siftingsinstrumente is beskikbaar.

CAGE is afgelei van die vier vrae van die instrument: Verminder (Cut down), Vererg (Annoyed), Skuldig (Guilty) en Regmakertjie (Eye-opener).

JOHNS HOPKINS MEDICINE
JOHNS HOPKINS HEALTHCARE

CAGE Bron: Ewing 1984